menlo-insig 27/2022

## LIEWE MENLO



*Die Insig plaas vandeesweek die uitsonderlike opstel wat Jeanne Craig in die voorbereidende eksamen geskryf het.*

*Lekker lees!*

## Die wêreld is siek

'n Terroriserende stormwind sweef soos 'n moorddadige aasvoël deur die vlugtelingkamp. Die koue brand en die sekelmaan spioeneer oor hope gebroke gesinne. Selfs die lug is kloustrofobies en ek skuil tussen die tentseilmure van hierdie in-die-middel-van-nêrens-mensestorting.

Oorlog.

Terwyl die alleenloperkraan my handpalms met bakterieë was, word ek oorweldig deur die roofdier wat in my ore brul: "Sál my man die rowwe hande van die genadelose laksmanleefstyl as soldaat oorleef? Wáár is my blouoog liefdesmaat? Staan ons moederlike gesinstuiste nog?"

Die wêreld is siek.

Die wêreld is koorsig van konflik, naar van gierigheid, uitgemaer deur die gebrek aan deernis en pyn van sy bewoners se lyding.

Die kenmerkende stilte van moeders wat rou en babas wat uitgehuil slaap, hipnotiseer die kamp in 'n uitsiglose bestaan, maar die onheilspellende wag vir die volgende knal martel my senuwees. 'n Brandmaer seuntjie met kwesbare oë en 'n geflenterde verbleikte hempie staan op sy tone en loer versigtig na buite – na dít wat sy kinderlike lewensdrang verpletter.

My medevlugtelinge keer in 'n beswyming met magies dolleeg grondbed toe. As pasiënte van die pyn van oorlog, is die kamp bedlêend.

Benjamin Coetzee.

Die geluid van sý naam verswelg my hart met bekommernis. Benji, die vasbeslote soldaat, lojale patriot en mý warmhartige liefdesmaat is van my weggeruk. Ek kon hom nie keer om soos 'n lam ter slagting sy lot in die loopgraafgrafte tegemoet te loop nie.

'n Traan drentel by my wang af en my gewete word deur die roofdier verskeur: "Hoe kon 'n man sy gesin vir die slagveld verruil? Hoekom was my laaste woorde aan Benji nie getuienis van my liefde vir hom nie?"

Ek lê stokstyf en staar deur nou natgehuilde oë na die tentseilplafon. Ek kan nie slaap nie; ek is deur die siekte van die wêreld besmet.

Die martelstilte word geleidelik deur 'n skaam strykinstrumentharmonie gebreek. Nico, die vasgevange joernalis van Pole, speel seker weer tjello in die naburige tent. Die kontrasterende salige tjello-eufonie klap my ooglede toe en ek smag na die dae voor skote en ontploffings as my wiegeliedjie.

Ek verdrink.

Ek verdrink in nostalgie en versuip in my sprokiesverhaalgesinsverlede. As nuutgetroude paartjie met glinsterende oë en kinderlike optimisme, het Benji my van sy droom oor 'n vakansiehuis tussen die majestueuse landmerke en sneeukomberse van die Switserse berge vertel. Benji wou sy liefde vir die vreedsame Switserland met sy toekomstige kinders deel, maar vándag staar Benji die dood in die gesig.

Nico het nou opgehou speel – die kenmerkende martelstilte plaas weer die vlugtelingkamp se uitsigloosheid in die kollig.

Stilte.

Stilte.

Oorsuisende stilte.

Terwyl ek my versoek-vir-wêreldgenesing-gebed afsluit, hoor ek 'n geluid wat soos sianied deur my liggaam skarrel…

Nóg 'n knal… nóg 'n ontploffing… nóg pyn…

Die vlugtelingkamp is nóú skielik wakker en die maer seuntjie met die verbleikte hempie staan op sy tone en loer versigtig na buite – na dié buite waar sy wêreld aan 'n noodlottige siekte ly.

## MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner.

Navrae en gebedsversoeke kan aan 082 579 4968 gestuur word.

**Psalm 28:7**

"Die Here is my sterkte en my skild, op Hom het my hart vertrou en ek is gehelp."

# DAGBOEK

**23/9**
Atletiek: Top 30 (TUT)
Rugby: Noordvaal 7's (Menlopark) tot 24/9
Tennis: o. 15-toernooi (AHMP)
Menlo-Maskerfees (klik op die **skakel** vir kaartjies)

**24/9**
Fietsry: Gauteng Hoërskolereeksfinaal (Monument)

**25/9**
Gholf: GNGU Woodhill

**26/9**
Muurbal: MMA-klubkampioenskap tot 28/9
Tennis: Wilsonskild-seunstoernooi tot 29/9
Menlo-Maskerfees (klik op die **skakel** vir kaartjies)

**27/9**
Menlovaria: Kunsuitstalling (AfriForum Teater)
Menlo-Maskerfees (klik op die **skakel** vir kaartjies)
Tekkielympics

**28/9**
Muurbal: Prysuitdeling
Menlovaria: Konsert en uitstalling (AfriForum Teater)
Tekkielympics

**29/9**
Atletiek: Twizza Gautengfinaal




# ALGEMEEN

## My skool is Menlo

Met 'n MySchool-kaart in u beursie help u om fondse vir die skool in te samel sonder om 'n vinger te lig. Het u geweet dat die skool maandeliks 'n MySchool-terugbetaling ontvang indien kaarthouers hulle kaarte swaai wanneer hulle inkopies by sekere handelaars doen?

Die skool rig graag 'n versoek aan alle ouers om aan hierdie projek deel te neem om fondse vir die skool te genereer.

Het u nog nie 'n MySchool-kaart nie? Volg asseblief die **skakel**. Het u reeds 'n MySchool-kaart, maar is dit nie aan Menlo gekoppel nie? Volg asseblief die **skakel** om die begunstigde op u kaart te verander.

Die skool bedank elke ouer vir sy/haar moeite met die MySchool-projek en ons sien daarna uit om oor die dividende te berig.
#myplekismenlo #myskoolismenlo





**MENLO Akademie**

Stuur volledige CV aan
nico.erasmus@menlopark.co.za

***Sluitingsdatum: 23 September 2022***

**Drie poste beskikbaar**

**Geografie/Sosiale Wetenskappe**
**Gr. 8 — 12**

**Rekenaartoepassingstegnologie**
**Gr. 10 — 12**

**Rekeningkunde/Ekonomie**
**Gr. 10 — 12**

**Wiskunde**
**Gr. 10 — 12**

**Aanvangsdatum: Januarie 2023**

**VAKATURE**

**Onderwyspos**

**MENLO GROEI**

# AKADEMIE

## Menlo-indaba is ernstige sake

Dit gebeur pouse en saans om die etenstafel, soggens voor skool en dikwels op Menlo-bodem. Daar word beplan, bespreek, gekoukus, gesels en selfs gelag, want wat is 'n dag sonder 'n vergadering?

Die opstel van 'n sakelys en skryf van 'n notule was verlede week op die graadneges se agenda en in die Afrikaansklas is daar besluit om die daad by die woord te voeg. Die aanstelling van 'n voorsitter en sekretaris is dikwels die verskil tussen orde en chaos en te oordeel aan die ordelike manier waarop die Menlo-indaba plaasgevind het, was die voorsitter en sekretaresse beslis hulle sout werd.

Daar is verneem dat die indaba 'n leersame en genotvolle belewenis was. Die Insig se ervaring van vergaderings is minder genotvol en ons kan nie help om te wonder nie... Wat was op die sakelys van hierdie interessante indaba?






## Parkie verdien krediete in Rek-Olimpiade

Wanneer daar saans 'n sjokolade in die Kirsten-huishouding gedeel word, sal Janine Kirsten seker maak dat die som tot op die laaste krummel uitwerk, want met haar kreatiewe rekeningkundige vermoë is Janine pas as die nasionale graad 10-wenner in die Proverto-Rekeningkundeolimpiade gekroon. Hartlik geluk!



# GEES

## Mamma Mia! Menlo gaan Grieks!

In die fliek, Mamma Mia, het Aphrodite allerlei planne agter die skerms beraam om te verseker dat niemand haar vergeet nie. Met die klap van 'n vinger het sy pandemonium op die Griekse eiland, Skopelos, veroorsaak en so vir heerlike vermaak gesorg.

In 'n kwessie van 48 uur (met 'n bietjie meer as die klap van 'n vinger, maar steeds agter die skerms) is die Menlo-bodem in 'n Griekse sprokie vir die graad 10-bal omtower. Die gode en godinne (ook bekend as graad 10-ouers) het saamgespan om Menlo van skool na Skopelos te transformeer sodat die graad 10's die aand in styl kon geniet.

Skoolrokke het plek gemaak vir skemerkelktabberds, skoolhemde is vir swierige pakke verruil en die graad 8-Parkieraad het hulle skooltasse met skinkborde vervang.

Baie dankie aan elke ouer wat tot die sukses van hierdie gesellige geleentheid bygedra het – van houtwerk en meubels skuif tot koeldrank skink, hekdiens doen en opruim – én aan me. Lelanie van Wyk, mnr. Evert Grové en die graad 10-voogde vir hulle betrokkenheid. Die borge verdien spesiale vermelding vir hulle bydraes – baie dankie vir elkeen se ruimhartigheid.

Tien uit tien is die enigste manier om die bal en die graad 10's se optrede te beskryf: stylvol, klassiek, ongelooflik, pragtig, entoesiasties, lewenslustig, ontsettend oulik en stylvol.

Absolut Skopelos! Trots Menlo!




# MUSIEK



## Menlo-simfonie is pure luistergenot!

So musikaal is die Parkies dat die skool nie net met 'n ensemble spog nie, maar ook met 'n orkes! Hierdie melodiese Menloparkers het verlede naweek aan die Afrikaanse Kunsvereniging se orkes- en ensemblekunswedstryd deelgeneem waar hulle uitvoerings as pure musikale genot bestempel is.

Baie geluk aan die orkes wat 'n A+-simbool behaal het en die ensemble met hulle A++.

Me. Colleen Mare, Menlo se musikale meesterbrein, verdien 'n veer in die hoed vir die manier waarop sy die leerders leer en inspireer. Baie geluk!

# DANS

## Menlo-dansers skitter

Dans is 'n kunsvorm waar ritme, beweging en emosie vermeng om 'n woordlose verhaal te vertolk. By die onlangse Dance Fusion-kompetisie het die Blou Teater se dansers die beoordelaars met hulle mengsel van *pliers*, *etendres*, *relevers* en *glissers* beïndruk om met een silwer, vyf pro-silwer en ses goue toekennings bekroon te word. Baie geluk aan die dansers, asook me. Elana Heyns vir haar choreografiese aandeel in hulle sukses.

Kyk gerus vir die Blou Teater se dansers tydens die Menlo-Maskerfees op 23, 26 en 27 September in die Atterbury Teater uit.







# RUGBY

## Menlo-ratsrugby kraai koning

Menlo se o. 15- en o. 17- sewespanne het verlede naweek die rieme in die sewestoernooi by Hoërskool Eldoraigne neergelê om die toernooi te wen. Die opponente het nie raad met Menlo se spoed en vaardighede gehad nie en is keer op keer gepypkan, terwyl die Menlo-manne die ore platgetrek het om agter die doellyn te gaan kuier. Knap gedaan aan die manne én afrigters. Die volgende been van die toernooi vind op eie bodem plaas en daar is geen twyfel nie – Menlo se ratsrugbyspanne lewer kookwater spel!












## Parkies x Ratsrugby = Blou Bul-sukses

Naylan Albertus en Jayden Fortuin is twee Parkies wat weet hoe om te systap. Beide Naylan en Jayden is vir diens in die Blou Bulle se o. 17-sewespan opgeroep. Baie geluk aan hierdie twee raakvat spelskeppers.

# KRIEKET

## Noorde vs. Suide: Fel stryd wag

Die noorde en suide word deur 'n onsigbare lyn geskei en word dié lyn sonder toestemming oorgesteek, is daar ernstige gevolge.

Die beste van die noorde kom binnekort teen die beste van die suide te staan. Die slagveld is ovaal en in die wapenarsenaal vind jy viere, sesse, kaphoue, opslagballe, goëlballe en draaiballe. Soms word die doodskoot toegedien wanneer 'n speler gestonk of uitgehardloop word en wee die kolwer wat been voor paaltjie betrap word.

Krygers staan 120 keer voor 'n vuurpeloton waar hulle die aanslag met 'n wilgerlat sal afweer. Die missie is moeilik en die risiko is hoog, maar Menlo se T20-manne is *absolut* gereed!

#BringDieBekerTerug










## K staan vir krieket én karakterbou

Menlo se krieketspanne het oudergewoonte 'n goeie week voor die penne en in die veld beleef en dit was veral die vertonings teen Garsfontein (o. 14C), Waterkloof (o. 15B) en Centurion (derdespan) wat aandag getrek het, terwyl die wedstryde teen Waterkloof (o. 16A) en Centurion (vierdespan) die senuwees behoorlik opgekeil het.

Knap gedaan aan Menlo se krieketspelers en -afrigters wat weekliks aan hulle krieketvaardighede en karakters slyp. Die harde werk wys!

**Menlopark o. 14C vs. Garsfontein o. 14C**

| | |
|---|---|
| Garsfontein | 78 almal uit |
| Menlo | 79/2 |

Menlo wen met 8 paaltjies.

**Menlopark o. 15A vs. Waterkloof o. 15A**

| | |
|---|---|
| Menlo | 170/9 (JN van Wyk 64, Tiaan Serfontein 65) |
| Waterkloof | 154 almal uit (Thomas de Wit 3/31, Jean le Roux 36) |

Menlo wen met 16 lopies.

**Menlopark o. 15B vs. Waterkloof o. 15B**

| | |
|---|---|
| Waterkloof | 129/3 |
| Menlo | 133/1 (Jan Lourens 56, Clifford Coombe 57) |

Menlo wen met 9 paaltjies.



**Menlopark o. 16A vs. Waterkloof o. 16A**

| | |
|---|---|
| Menlo | 159 almal uit (Wian van Deventer 30, Daniël Pienaar 25) |
| Waterkloof | 160/8 (Gerhard Engelbrecht 3/28, Steve Stolk 2/42) |

Waterkloof wen met 2 paaltjies.

**Menlopark 1ste XI vs. Centurion 1ste XI**

| | |
|---|---|
| Centurion | 245/9 (Ewald Meyer 3/18, Michael van der Westhuizen 2/63) |
| Menlo | 169 almal uit (Dennis McDonald 73, Duan St Arnaud 32) |

Centurion wen met 76 lopies.

**Menlopark 2de XI vs. Centurion 2de XI**

| | |
|---|---|
| Centurion | 162 almal uit (Tiaan Serfontein 3/18, Pierré de Villiers 3/34) |
| Menlo | 163/4 (Matt van der Westhuizen 38, Wian van Deventer 32*) |

Menlo wen met 6 paaltjies.

**Menlopark 3de XI vs. Centurion 3de XI**

| | |
|---|---|
| Menlo | 250/7 (Willem Sevenster 102, Owen Louwies 54) |
| Centurion | 165 almal uit (Ivan Ramushu 5/16, Jean le Roux 3/45) |

Menlo wen met 85 lopies.

**Menlopark 4de XI vs. Centurion 4de XI**

| | |
|---|---|
| Centurion | 190 almal uit (Murray Hofmeyr 4/19, Wihan Spanneberg 3/31) |
| Menlo | 192/8 (Christoff Breet 49, Jacques de Villiers 45) |

Menlo wen met 2 paaltjies.












**Bespreek by www.afriforumteater.co.za**

- Elite kunsuitsalling: 27/9 (vanaf 14:00) en 28/9 (hele dag).
- Die kunsuitstalling kan in die voorportaal besigtig word.
- Versnaperinge kan by die restaurant bestel word en in die teater genuttig word.
- Kaartjies is vanaf 13 September beskikbaar.


Capsicum
CULINARY STUDIO
Hey Future Chefs!
see you at our
OPEN DAY
1 October 2022
134 Aramist Avenue, Menlyn Square, Pretoria, 0181


OOH!
MATRIC
FAREWELL
ZOOM TEETH
WHITENING
±15 min Zoom session
R1450
149 CECILIA ROAD ALPHEN PARK
064 692 3619


JAAR
Voltooi 'n gehalte kwalifikasie
IN AFRIKAANS
VOLTYDSE STUDIE
OP
CENTURION-KAMPUS
met aktiewe studentelewe
NAUURSE STUDIE
BY STUDIESENTRUM OF
VIA E-LEER
ideaal vir persone wat wil werk en studeer
Jou loopbaanreis begin hier!
STUDIEAANSOEKE VIR 2023 IS REEDS OOP
Kontak jou Gauteng-studentewerwer
Jeanmarie van Niekerk || 0861 222 888 || Jeanmarie@akademia.ac.za
www.akademia.ac.za
AKADEMIA
Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997 Registrasienommer: 2011/HE08/005.


Bang vir Bak
ONS
MAAK BAK
MAKLIK!
Verskeie bakklasse
vir beginners:
Macarons; drupkoeke, royal icing-koekies; botterversierselblomme en selfs quiches!
Pronk met jou bakvernuf en kom leer die A-Z van bak!
Lorraine: 084 910 8428 | Hello@bang-vir-bak.co.za | www.bang-vir-bak.co.za


Baked by Nataleen
064 653 6218
sales@bakedbynataleen
www.bakedbynataleen.co.za
135 Erich Mayer, Pretoria-North







## Graad 10-bal: borge

* BusinessPrint (www.businessprint.co.za).
* Option A Design (www.optiona.co.za).
* Cosmo Industrial (www.cosmogoforit.com).
* Oasis Water Menlopark (menlopark@oasiswater.co.za).
* Laerskool Lynnwood (meubels).
* Christine Markram (082 372 6274) vir die neem van die amptelike foto's.
* Willa Krause Groep en Deymed Familiepraktyk.


Laerskool Lynnwood
Hoop • Glo • Dien
KRIEKET AKADEMIE
BIED AAN:
MAD HATTER
ROLBALDAG
Vrydag, 30 September 2022
vanaf 09:00
WINGATE COUNTRY CLUB
R350 pp
Voltooi e-vorm om in te skryf!
Kontakpersone:
Ethan Gouws: 082 922 9232
Sharise Jv Rensburg:
082 348 3060


KRIEKET AKADEMIE
GHOLFDAG
BESPREEK NOU JOU 4-BAL!
Sluitingsdatum vir bespreking en betaling:
Vrydag, 9 September 2022.
Laerskool Lynnwood
PRYSE EN PRET!
• Langste dryf
• Lootjies en gelukkige trekkings
• Naaste aan pen
• Veiling
30 SEPTEMBER 2022
WINGATE COUNTRY CLUB
REGISTRASIE VANAF 10:30
11:30 "SHOTGUN START"
Prysuitdelingsfunksie en veiling sal na afloop van die gholf plaasvind.
Tref self reëlings vir gholfkarretjies/joggies direk met Pro Shop.
Kontak Ethan Gouws: 082 922 9232


Peter Pan
performed by
Liezel Marais
Dance Academy
Saturday
15 October 2022
11h00 & 15h00
Bookings @ Webtickets
Enquiries: Liezel 083 306 5565
STATE THEATRE


BusinessPrint is a state-of-the-art printing company founded on honest hard work, excellence and love for print. Situated in Silverton, Pretoria, we specialize in the printing and finishing of packaging products and commercial materials.
BusinessPrint
meeting expectations
Contact Details
318 Derdepoort Road, Silverton, Pretoria 0184
086 142 4259
012 843 7600
hello@businessprint.co.za
www.businessprint.co.za